JONGDUIFSIEKTE

Piet van Zyl – Middelveld Posduif Unie met spesiale erkenning aan Dr Ockert Botha

Duifies wat gespeen word moet ten minste 4 weke apart gehou word in 'n jongduif "Speenhok". Gedurende die periode moet hulle voorbereidende behandeling kry teen die normale parasiete wat in jongduiwe voorkom. Geen nuwe duiwe moet ooit direk in hokke geplaas word nie maar moet ook eers in die "Speenhok" geplaas word en nie saam met ander jongduiwe gesit word nie.

Die rede vir hierdie skeiding is dat die immuunstelsel eers opbou moet word en dat die kritiese periode van 3-6 weke waar meeste Circo virus uitgeskei word moet verby gaan.

1. Eerste keer wat gespuit word vir Paramixo, moet 'n duiwe stam-entstof gebruik word, nl. PMV 1, Chevivac P200 of Nobilus Paramyxo vaccine. Vier weke later moet gespuit word met 'n hoender stam entstof soos Aviovac. Dit is om maksimum beskerming te gee teen beide die duiwe en hoender stam.

2. La Sota moet glad nie gebruik word by jong duifies wat gespeen is nie, dit is lewensgevaarlik. Dit kan wel in die vliegseisoen gebruik word as 'n "Booster" aan al die duiwe, dan is die jaaroud duiwe al sterker en weerstand teen siektes is hoër.

3. Indien die siekte in die hok sou uitbreek moet behandeling soos volg geskied: Gebruik Aviomed se YBD + Probiotika oor kos vir ten minste 7 dae. Duiwe moet glad nie gevlieg word of aan stres blootgestel word indien jy nie 'n merkbare verbetering kan sien aan die duiwe nie. Amoxilyn 40 % sterkte is baie goed en kan in verhouding oor duiwe se kos gegee word. Probiotika in water gedurende behandeling.

4. NB – Mikotoksien vergiftiging by duiwe word veroorsaak deur swak gehalte kos / grane; dit is 'n swam wat 'n onsigbare en permanente toksien afskei in die graan soos wat dit groei. Dit kom voor in die "Hart" van spesifieke grane veral Mielies en Grondbone. Mikotoksien vergiftiging veroorsaak twee dinge, nl.

    4.1. Breek weerstand van duif heeltemal af wat hom weer vatbaar maak vir siektes en swak prestasies.

    4.2. Tas die lewer van duiwe permanent aan en laat die duif se teëlwaardes verswak, teel swak babas

Toetse vir al drie stamme Mikotoksiene kan gedoen word teen 'n fooi.

Indien jy op "Google" ingaan, en soek na die woorde "CAL LABS", sal jy die kontakbesonderhede kry van die instansie in Pretoria wat grane toets.

Voorkoming vir die gevreesde vergiftiging is om duiwe 3 X per week "Entromune" oor die kos te gee. Dit adsorbeer die Mikotoksiene en voorkom dat dit kumulatief genoeg opgeneem word om toksiese vlakke in duiwe te bereik. Die produk voorsien ook probiotika sowel as Prebiotiese vesels wat die goeie bakteria weer laat groei in die duiwe se ingewande. Entromune bevat twee bindmiddels wat die gifstowwe daarin sal laat klou wat weer deur die duif uitgeskei sal word.

Dr Ockert Botha kan geskakel word by 082 922 6355 bestellings vir die 2 ure lange Video oor Jongduifsiekte geskiet tydens Dr Botha se lesings in die VSA kan geplaas word deur sy seun Marko te e-pos by marko@vetsfocus.co.za. Dr Botha het bevestig dat 'n skenking van R20-00 per video verkoop gemaak sal word aan die SANPO Veterinêre navorsingsfonds.